KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 51 Nr 29 23 Augustus 2026

# 'n Gebreekte hart

Ons kon laasweek Sondag 'n kykie kry op die wonderbare hart van Jesus ons Verlosser. Sy hart is vol empatie en simpatie. "*Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, ...en Ek sal vir julle rus gee vir julle siele*" (Matt 11).

D. Ortlund skryf in sy boek, Gentle and Lowly (p.200), dat Jesus waarskynlik nie deur die kruisiging self dood is nie, maar weens 'n "*broken heart*". Die lyding aan sy hart en gees oorweldig gewoon die fisiese kragte.

So leer ons van die sielkunde en kardiologie dat mens selfs aan 'n gebroke hart kan sterf. Medici praat van kardio-miopatie. Weens trauma en skok raak die hart so onreëlmatig dat dit soos 'n hartaanval presenteer. Ons oumense het ons geleer dat ekstreme hartseer, 'n gebreekte hart dus, minstens twee jaar neem om genoegsaam te herstel! Diepe angs of droefheid of lyding moet dus nie sommer ligtelik afgemaak word nie.

Daar is selfs diegene wat beweer dat die bloed en water wat uit Jesus se sy vloei na die spiessteek, bewys is dat sy hartsak gebreek het en Jesus dus dood is aan 'n gebreekte hart.

As ons net probeer verstaan dat Hy AL ons sonde op Hom geneem het... Hy wat nooit sonde gehad of gedoen het nie. Hy wat dag en nag in volle gemeenskap met sy Vader was, en weens ons sonde van Godverlate moes wees, dan kan ons aanneem dat ons sy hart gebreek het!

Daarom verstaan ons Verlosser en Hoëpriester ons hartseer en pyn, hoe diep en swaar dit ookal mag wees (Heb 4:15).

Mag u en ek ook in hierdie stukkende lewe ons vrede in Hom alleen vind en ook die troos van die Heilige Gees wat Hy vir ons verwerf het.

DsMaarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 17, Ps 116-1:1,10 **Volgende week**: Les 18, Ps 116-1:1,10

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 23-Aug | B01 | Philip de Kock | Pieter Wolmarans | Ernest Bornman Jnr | Gert Reinecke | Carina vd Dussen | Hein Kaiser |
| 30-Aug | B02 | Jan-Louis Bezuidenhout | Pieter vd Dussen | Hans Stronkhorst | Charl vd Bergh | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Teol Studente hulpfonds** (by die deure)

Volgende week: **Sustentasiefonds**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# *Verjaarsdae*

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Aug. | Douw | Breed | A08 | 0826833553 |
| 23 Aug. | Eugene | Oosthuizen | A16 | 0825525607 |
| 23 Aug. | Frikkie | Pelser | A05 | 0827808756 |
| 24 Aug. | Reg | Horak | B12 | 0842510685 |
| 24 Aug. | Emmie | vd Zee | B07 | 0725934316 |
| 24 Aug. | Louis | v Staden | A15 | 0829407111 |
| 24 Aug. | Phillipa | Weyer | A13 | 0832320337 |
| 25 Aug. | Lenie | Myburgh | A06 | 0822293993 |
| 25 Aug. | Lizette | Reinecke | A12 | 0834475822 |
| 26 Aug. | Cecilia | Coetzee | C08 | 0829273146 |
| 26 Aug. | Johan | Reinecke | B11 | 0788938903 |
| 27 Aug. | Nancy | Mnisi | E01 | 0681171839 |
| 28 Aug. | Elke | Nel | B18 | 0824176286 |
| 29 Aug. | Willy | Bakker | A06 | 0722009778 |
| 29 Aug. | Rudi | Swanepoel | B09 | 0726901548 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Aug. | Christiaan | Jacobs | B14 | 0833567597 |
| 24 Aug. | Pieter | Mulder | C07 | 0829680474 |
| 25 Aug. | Melindi | Venter | B17 | 0728007454 |
| 25 Aug. | Sanli | Wessels | C12 | 0718985900 |
| 26 Aug. | Danie | Kruger | B09 | 0820811030 |
| 27 Aug. | Renier | Potgieter | B01 | 0827722615 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

***"…God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Dr. Douw Breed sterk aan na 'n klein handoperasie (A8 – 0826833553).
- Meelewing word betuig met Ds. Gerrit en Rika na die afsterwe van Rika se vader die afgelope week.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

*Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."*

Matteus 9:37 en 38

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.






Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het.

Dankie

## Afri-Duetfees

Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die Sorg Met Eer projek vir ons emeriti.

Skakel of Whatsapp vir Riekie by 082-586 9167 en bespreek u kaartjies.

## Plastiekdoppies

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**23 Aug.**

Santie Coetzer C11

Sonja Styger C12

**30 Aug.**

Marlene Erasmus C13

Gerti Erasmus C14




GEREFORMEERDE KERK CENTURION
Basaar!
Saam bou ons aan God se werk
SATERDAG
17 OKTOBER
2026
08:00 – 14:00
Moenie dit misloop nie!
KERKTERREIN
CENTURION
Iets vir die
HELE
GESIN!
PANNEKOEK
BREAKFAST
BUNS
KERRIE-
EN-RYS
KOEK- EN
TERTTAFEL
Groot koeke
en terte te koop!
BASAAR-
POEDING
Vla en jellie
met liefde gemaak!
KOFFIE &
TEE
Kom kuier en
ontspan saam!
KOELDRANK
Yskoud en
verfrissend!
UITSTALLERS
Handgemaakte
artikels
KOFFIETUIN
Ontspan en
kuier saam
LEWENDIGE
MUSIEK
Vir oud en jonk
SPELETJIES
VIR KINDERS
Kleintjies
en tieners
WIT OLIFANTMARK
Kom soek 'n
skat!
CRAFT BIER
& GIN
Geniet verantwoordelik
Kom
kuier,
koop en
ondersteun!
GOEIE KOS
LEKKER KUIER
VRIENDLIKE MENSE
GROOT HART

# Basaar!!

**Wanneer: 17 Oktober 2026**
**Tyd: 08:00 tot 14:00**

Dinge is aan die roer!

1. Ons benodig **helpende hande** met die volgende:

| | |
|---|---|
| Pannekoek | Bakkers, strooiers, rollers en verkopers. Ons verskaf die stofies, deeg, suiker, kaneel, panne, soplepels en spane. |
| Kerrie-en-rys | Opdieners en verkopers. |
| Poeding | Opdieners en verkopers. |
| Koeldrank | Aankopers en verkopers. |
| Koektafel | Organiseerder, verkopers en skenkers. |
| Speletjies vir almal | Organiseerders, kaartjieverkopers en toesighouers. Boogskiet reeds gereël. |

2. **Uitstallers**: In die saal en dalk op die stoep, as die saal vol is.

| | |
|---|---|
| Uitstallings:<br>**Koste van 'n stalletjie: R80**<br>*(Voorsien jou eie tafels en stoele)* | 1. Handgemaakte artikels en naaldwerk.<br>2. Kunswerke.<br>3. Beskuit, klein koekies (nie groot koeke of koekskywe nie), konfyte, chutney, ens. |
| Uitstallers reeds bespreek | 1. Vars brood en ander gebak.<br>2. Kunswerke.<br>3. Juwele.<br>4. Kunswerkswinkel – kom leer hoe om kreatief te wees. |

4. **Vendusie**: Skenk vir ons artikels om op te veil.
5. **Wit Olifant**: Kontak ds Maarten en bring alles wat jy van ontslae wil raak.
6. **Ons vra Donasies:**

| | |
|---|---|
| Pannekoek | Koekmeel, eiers, suiker, kaneel, sout, bakpoeier. |
| Kerrie-en-rys | Rou top side maalvleis, wit rys, blatjang, klapper, gemengede groente, aartappels. |
| Poeding | Pakkies jellie, vla, leë roomysbakke, vars room, eiers, suiker, '*vanilla extract*'. |
| Koektafel | Gebakte koeke en terte uit jou kombuis. |
| Ontbytbroodjies | Eiers, kaas, spek, uie en hamburger buns. |

7. Plaas jou **donasies** in die **waentjie voor** die **kantoor.**
8. Hoekom moet jy vir Tjaart vd Walt op 082 824 2933 kontak? Om jou:
    a. Hulp aan te bied
    b. Jou uistalruimte te bespreek.


By voorbaat baie dankie vir jou bydrae en meelewing.


KEN MEKAAR &
KUIERAAND
Welkom aan al die nuwe intrekkers
Kom kuier saam en bou vriende in geloof!
WAAR:
Gerformeerde Kerk, Centurion
WANNEER:
26 Augustus 2026
TYD:
19:00 TOT 21:00
RSVP:
Corné Smuts
082 889 9691
Kom gesels, lag en leer mekaar ken. Ons sien uit daarna om saam met jou te kuier!


Koffie ná die
Aanddiens
Daar sal weer tee en koffie ná die aanddiens bedien word.
SELFHELPBASIS
Die tee en koffie sal vooraf voorberei wees.
Skink asseblief jou eie koppie.
Was asseblief jou koppie ná gebruik.
Baie dankie vir almal se samewerking!


FAMILIESTEMME
2026
Datum & Tyd
Vrydag, 11 September 2026
Deure open: 18:00
Samesang begin: 19:00
BEGELEIDING MET
Pyporrel
EN ENSEMBLES
GEREFORMEERDE KERK CENTURION
Basdenlaan 227, Die Hoewes, Centurion.


GEESTELIKE
opbou
'n Gesonde lewe voor die Here
Kom luister na 'n belangrike en aktuele gesprek oor wat dit beteken om gesond en Bybels voor die Here te leef.
SONDAG AAND
23
AUGUSTUS
2026
'n Aand van Bybelse onderrig, gesprek en geestelike opbou.
SPREKER:
PROF. HENK STOKER
ONS BESPREEK ONDER MEER:
Wat is "gelowig bid"?
Wanneer is gebed kragtig?
Kan gelowiges siek wees?
Is God se openbaring beperk tot die Bybel?
Kan ek profesieë vertrou?
Wat van vreemde tale?
Kan ek lewe & dood spreek?
Kom luister. Kom dink. Kom leer.
Kom ondersoek saam wat die Woord van God ons leer.
BY DIE KERK
Almal hartlik welkom!




# B Y B E L S K O O L

**4 Aug – 8 Sept 2026**

**U WORD HARTLIK UITGENOOI**

**Sessie 4 :** Dr Douw Breed

**Tema 4**: Die Heilige Gees en Gebed

**Datum**: Dinsdag 25 Augustus 2026

**Tyd en plek:** 19:00-20:30

GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met jou *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing of kom net en betaal by die deur!

Kontak persoon:

Christi Venter: 082 940 1555

## *Voorspel inligting*

Psalm 134 Oggenddiens

Psalm 134 is die laaste van die 15 "Pelgrimsliedere" (Psalms 120–134) wat deur Joodse pelgrims van ouds gesing is wanneer hulle na Jerusalem gereis het vir die drie groot jaarlikse feeste. As die heel laaste kort hoofstuk in hierdie versameling skets dit 'n rustige toneel laat in die nag by die tempel, en sluit dit die reis af met 'n wedersydse seënbede tussen die aanbidders en die tempelwagte.

Psalm 34 Aanddiens

Psalm 34 is deur koning Dawid geskryf. Die historiese konteks daarvan hou verband met [1 Samuel 21:10–15], toe Dawid vir die jaloerse koning Saul gevlug en skuiling gesoek het in Gat, 'n Filistynse stad. Omdat hy as 'n krygsheld van Israel herken is, het Dawid vir sy lewe gevrees; hy het voorgegee dat hy kranksinnig is (deur te kwyl en aan hekke te krap) en is deur koning Agis (wat in die opskrif as Abimeleg aangedui word) verdryf.

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## Gee my jou hart!

**Skriflesing**:
Spreuke 23;
Rom12:1,2; Spr 4:23
Hooglied 8:6,7
(1983)

**Teksvers**:
Spreuke 23:26

**Sing**:
Ps 138:1,3
Ps 9-1:1,7,10
Ps 65:3
Sb 3-3:1,5,6
Lied 525:1,3
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Die hart van 'n mens is beslis nie net 'n bloedpomp nie. Kardioloë en neuroloë is steeds in verwonderende navorsing oor die kragvelde van 'n mens se hart en brein. Eintlik weet of verstaan ons nog bitter min van wat alles buiten die fisiologiese in die hart aangaan. Spreuke sê dis die *'oorspronge of uitgange'* van ons lewe.

As ons dus iemand *'van harte liefhet'* is dit veel meer as net 'n idioom. Ons '*harte wat oorloop'* van vreugde of 'n gebreekte hart wys tog dat die hart wesenlik deel is van wie en wat ons is en hoe ons lewe.

Vandag bedink ons die dringende eis van God om ons harte vir Hom te gee. Want uit Hom en deur Hom en TOT Hom is alle dinge...!

## SONDAGAAND 18:00

## Om regtig te kan sien

**Skriflesing**:

Joh 9: 1-17, 34-41
(2020)

**Teksvers**:

Johannes 9: 2-3

**HK**: Sondag 10

**Sing**:
Ps 118-1:1,12
Ps 119-1:25,26
Ps 119-1:30,33,39
Sb 33 (2-4): 1-3
Sb 13-3

Prof Henk Stoker

In Johannes 9:2 vra Jesus se dissipels Hom uit oor die rede waarom ‘n man wat hulle sien blind is. Hulle neem aan dat blindheid ‘n gevolg van sonde in die persoon se lewe is, maar omdat die man van geboorte af blind is, is hulle nie seker of dit sy eie sonde kan wees wat dit veroorsaak het nie, en of dalk die gevolg van sy ouers se optrede.

Uit die Here se antwoord blyk egter baie duidelik dat hulle vraag en die aanname wat hulle daarin maak nie rekening hou met die voorsienigheid van God nie. Die besef dat alles in God se hand is en Hy ‘n doel met alles het, mag nie verruil word vir ‘n geloof in bloot oorsaak en gevolg nie – dat goeie of slegte dinge noodwendig volg op hoe ‘n mens lewe of glo nie.

1. Oorsaak van swaar
2. Doel van swaar
3. Insig in swaar